

sea-potas

is 'n viskonsentraat basis en Kalium
verrykte oplosbare kombinasie



Sea-Potas is 'n viskonsentraat basis en Kalium verrykte oplosbare kombinasie om aan te wend waar Kalium benodig word en/of aanvullings gedoen moet word waarvan die nutriënt waarde opgeneem word in die visvesel as draer, wat ook dien as voorkoming van Kalium dreinasie.

Kalium word benodig deur alle plante en dierelewe. Kalium word deur plante benodig vir fotosintese, regulering van Osmose en die aktivering van Ensieme. Tekorte van Kalium veroorsaak verkorte groei, vertraagde volwassenheid en verminderde opbrengs. Kalium is nodig as plantvoeding reg van die begin van plantgroei, maar die belangrikste plantvoedingsfunksie van Kalium is vanaf vrugvorming, die groeiperiode en grootmaak van die produk.

Sea-Potas is baie geskik om as grond- of blaarvoeding te gebruik. Blaarvoeding is die vinnigste manier om 'n wanbalans (tekort) aan Kalium aan te vul.

Sea-Potas is 'n hoogs effektiewe bron van Kalium en Swael vir die gewas, en word aanbeveel vir verskillende fases van die gewas wanneer benodig.

Voordele:

- Volledig wateroplosbaar
- Hoogs gekonsentreerde bron van Kalium vir gewasse
- Goeie Swael aanvulling
- Aanbevole grond- en blaar bemesting
- Bevat basies geen Chloried nie en verhoog dus nie die grond soutinhoud nie
- Bevorder beskikbaarheid van Fosfaat en Yster
- Loog of dreineer nie weg nie

Sea-Potas is baie geskik vir groente- en vrugte verbouing a.g.v. die lae Chloried inhoud. Produksie van sekondêre plant funksies soos vitamienië, geur, organiese sure en plant suikers is meer effektief in die afwesigheid van Chloor in die bemesting.

Kalium verhoog produksie en kwaliteit van gewasse. Verhoog die vermoë van plante om weerstand te bied teen biotiese spanning (siektes, peste en insek aanvalle), asook abiotiese spanning (koue en hitte).

Mengbaarheid: Sea-Potas is mengbaar met meeste water oplosbare bemestings- en plaagbeheermiddels, behalwe Kalsium (Ca) en Magnesium (Mg). Indien onseker (veral ten opsigte van plaagbeheermiddels) moet 'n bekertoets gedoen word.

Toediening: Toedienings word aangedui in L / Ha voor verdunning

Grondtoediening: Verdun 1:10 tot 1:20 (Kan met besproeiing toegedien word)

Hoeveelheid: • 5 – 25 L / Ha en herhaal elke 14 dae

Blaartoediening: Verdun 1:100 – 1:200

Hoeveelheid: • Dien 5 L / Ha toe en herhaal soos hierbo. 'n Verdunning van 1:200 word aanbeveel waar 'n groot oppervlak van blare benat moet word. Die hoeveelheid (konsentraat per Ha) bly egter konstant

- 'n Goeie blaarbenutting tot afrupstadium word aanbeveel vir goeie resultate

Sien Eco-Fert gebruiksaanwysings of gewas aanbevelings

Sea-Potas Inhoud

Makro-Elemente % inhoud

N	5.77
P	0.34
K	6.11
Ca	0.22
Mg	0.16
S	2.71

Mikro-Elemente dpm

Fe	88
Zn	20
Cu	1
B	10
Mn	6
Mo	295.05
C:N	2.4:1

Kalium vir gewasse en die belangrike funksies daarvan:

- Verbeter wortel groei
- Verbeter droogte weerstand
- Vertraag plantsiektes
- Help met selwand elastisiteit
- Dra by tot 'n Stikstof opname
- Verminder waterverlies en dehidrasie van plant
- Vermeerder proteïen inhoud van plante
- Uiters noodsaaklik vir fotosintese
- Help met water balans in die vesel en water gebruikseffektiwiteit
- Reguleer vervaardiging van hoë plant energie komponente
- Aktiveer Ensieme sisteme
- Vermeerder Stikstof binding by peulgewasse
- Vervaardig stysel in graan produkte
- Dra by tot die bou van sellulose

sea-potas

Reg. No. K 9019 (Wet 36/1947)



Nota: Mengsels wat aangemaak is moet gebruik word op dieselfde dag

Vir spesifieke gewas toedienings raadpleeg
asseblief die kantoor of agent:

KANTOOR: 086 100 5051
www.eco-fert.co.za

AGENT BESONDERHEDE:

eco-fert
www.eco-fert.co.za



SASSI Approved